

Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 08:00 EN 09:30

Het jy Jesus waarlik lief?

Skriflesing:

Johannes 21:1-25

Teksvers:

Johannes 21:15-17

Sing:

Ps 45:1, 2, 9, 10

Sb 9-1:1-11

Ps 91:6, 7, 8

Sb 10-2

Ps 133:1, 2

Sb 13-3

Simon, het jy my lief? Hierdie bekende driedubbele liefdesverklaring van Petrus teenoor Jesus gee die loënaar kans om sy driedubbele ontkenning reg te stel. Selfs nadat die Here drie keer aan Simon verskyn het, en hy self ook teenwoordig was by Thomas se belydenis, gaan vang hy maar vis, eerder as om uit te gaan en die evangelie te verkondig.

So maklik word ons roeping verduister in ons eie bekommernisse. So maklik gebeur dit dat ons deur onsekerheid en vrees wegdeins van dit wat ons weet ons werklik moet doen... Daarom vra die Here Jesus ook vir jou vanoggend: "Het jy My waarlik lief?" Amen

Prediker: Ds Lourens Venter

SONDAGAAND 18:00

Die leërowerste van die HERE!!

Skriflesing:

Josua 5:1-6:6

Josua 6 (self lees)

Teksvers:

Josua 5:14

Sing:

Ps 116:1, 5, 7, 10

Ps 68:9

Sb 15-7:1, 2, 6

Sb 20-2:1-7

Sb 13-3

Ons lees hierdie hoofstuk oor die val van Jerigo soos 'n mooi storie. Soms 'n slaaptydstorie! Onthou net dat hierdie verhaal opgeteken is in die Bybel, omdat ons God leer ken uit sy werke in die geskiedenis. Dit is dus veel meer as net 'n storie, dit is die bekendstelling van die heilige en magtige God self. Ons moet vasstel wat die Here in die geskiedskrywing van Homself aan ons bekend maak, en hoe dit dan ook ons lewe raak.

Wat is die vergelyking tussen Josua en Jesus, terwyl hulle name presies dieselfde beteken: Redder/Verlosser?

Waarom kom die Here juis nou en op hierdie wyse na genl. Josua toe?

Prediker: Ds Maarten van Helden

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 46 Nr 16 16 Mei 2021



Waar Ruwe Rotse

*Twee vader-oë kyk verward ... sy seun, die afgrond lag oor wilde skuurgedreun.
Die kruit en stof vlek oor die lug se blou, die vader bly sy hand oor sy oë hou.
En dan gewaar hy in die skemering sy kind, deur rotsekuers vasgedring.
'n Riem rol na die seun daaronder neer, "Bind vas, my kind ... en Pa die sal probeer."
Maar dis vergeefs ... die kransedraak hou vas, die riem bly stukkend breek, kry las op las.
En hulp snel by ... die rotsetande gryns, hier moet die mensverstand terug voor deins.
Dan klaag daar uit die diepte, sag en flou: "Ek smee dat Pa my skiet ... en nou ..."
'n Roer die bewe in die growwe hand, sag sif in skemerafgrond korrels sand.
Vas lê die kolf teen vaderskouer aan, en langs die sneller glans 'n afloop-traan.
"Vergeef my, God!" ... 'n skoot gedemp en dof ... en bo die bergegraf styg kruit en stof.
Nog skuur iets rog'lend in die diepte daar, dis stil ... die aasvoëls kras ... 'n vader staar.*

Hierdie gedig van CM van den Heever het my lewe diep geraak sedert ek dit die eerste keer gelees het. Dit is gegrond op die gebeure wat by Aasvogelkop oorkant die Caledonrivier by Gladdedrif in die Smithfielddistrik afgespeel het. Dit handel oor 'n pa wie se seun in 'n klipskeur geval het. Na dae se geswoeg om die seun tevergeefs uit te kry, laat dit die pa geen ander keuse as om sy seun uit die klipskeur te verlos met die dood nie.

Hoe moeilik, nee, onmoontlik moet dit wees om jou eie kind met 'n skoot van sy ellende te verlos. Maar dan dink ek aan ons Here Jesus en besef dat sy uitroep om verlossing net in die stilte ongeantwoord bly as Hy uitroep: *Eli, Eli, lama Sabagtani...*

Hoe geweldig groot moet die liefde wees van ons hemelse Vader om Sy Eie Seun te gee om die straf van die sonde te dra. Om Sy Eie lewe te offer. So leer ons Here Jesus ons om ook bereid te wees om ons naaste lief te hê soos onself. Selfs nog meer as dit: Het ons die Here waarlik lief?

Die afgelope jaar het ons gemeente deur die Skep Hoop fonds ongeveer R600 000 ingesamel en reeds 60% daarvan gebruik om meer as 30 gesinne in hierdie tyd van nood te help. Ons weet daar lê nog baie uitdagings voor. Daarom word ieder en elk van harte bedank.

Mag die Here ons die wysheid gee om aan sy Woord en sy beloftes vas te hou en ons medemens nooit uit die oog verloor nie.

Soos Paulus skryf aan die Korintiërs oor die wysheid wat God ons gee deur Christus: *"Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God."*

Mag die Here ook ons harte ondersoek en bevind dat ons gevul is met Goddelike wysheid en ontferming en meelewing, met Geloof en Hoop en Liefde!

Lourens (vdm)

ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00



Kantoorure: Ma— Vry 09:00 - 14:00

Telefoon: 012 664 2614

Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226

Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad [gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za) of ons internetskakel stroom.gkcenturion.co.za

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname).

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

EREDIENSTE OP CD audio-opname van 'n erediens: Johann Verreyne 082 554 9416

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk
Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Takkode: 632005

Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk
Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Takkode: 632005

Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk
Centurion Susters

Bank: ABSA Lyttelton

Takkode: 632005

Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT

Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr

Van der Walt huisonderhoud—Vir enige herstelwerk, verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dak-waterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou **skuld en lopende uitgawes** te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

Verkoop u, u huis? U kan my aanstel as u oordrag prokureur. Onthou dit is die verkoper se keuse. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

Is jou huis in die mark of soek jy 'n nuwe huis? Ek het baie kopers wat in Centurion wil koop. Jaco Wattel Veritas eiendomme 082 854 1430.

Liewe Tiener, Ek wil graag help om jou selfvertroue te verbeter met jou **Handelsvakke:** Rekeningkunde, Ekonomie en Besigheidstudies. Ek het ervaring in Nasionale senior sertifikaat, IEB en Cambridge. Gaan kyk asb na my web: tauwi.co.za (Tutoring as you want it). Ons kan aanlyn werk of aan huis. Carina vd Dussen 082 374 2780.

VRYDAGWINKEL 28 MEI 2021

DROË VRUGTE

BESTEL BY LYDIA 066 593 8257

VOOR 26 MEI 2021

KOM HAAL JOU BESTELLING VANAF 15:00

Ongeskilde/Gemaalde perskes R45

Geskilde perskes R60

Pruimedante R45

Gemengde vrugte R50

GEREFORMEERDE KERK CENTURION
FONDSINSAMELING VIR DIE SUSTERS PROJEKTE
COVID-PROTOKOL GELD


Laerskoolkinders

Toe hulle klaar _____ het, vra _____
vir Simon Petrus: "Simon seun van _____,
het jy My baie _____ meer as hulle
hier?"

"Ja, Here," antwoord hy
Hom, "U weet dat ek
U _____."

Hy sê toe vir hom:

"Laat my _____ wei"



VAKANTE POS – KOSTER (miv 1 Junie 2021)

Pligte van die Koster van GK Centurion dek al die vlakke waarop die kerk funksioneer en lê op die terrein van opdragte uitvoer, kontrole uit oefen, veiligheid daar stel, eiendom beskerm en beveilig, instandhouding van fasiliteite, tuine en koördinerig van die twee algemene werkers se take deur opdragte te gee en die uitvoering daarvan te kontroleer.

Die Koster moet altyd beskikbaar wees, geen tydskaal is gekoppel aan die pos nie. Die privaatheid van die Koster sal ten alle tye respekteer word, maar die pos van die Koster is omvangryk en behels baie fasette wat baie tydrowend is. Die Koster van die Gereformeerde Kerk Centurion sal die pos vanuit 'n perspektief van geroepenheid beskou.

Opsomming van belangrikste take:

- Die Koster is verantwoordelik vir die sekuriteit van die kerk, maak nie saak watter geleentheid dit is nie. Hy is verantwoordelik vir die oop- en toesluit van die geboue tydens alle funksies/vergaderings en moet toesien dat die alarm geaktiveer is aan die einde van die funksie/vergadering.
- Oop- en toesluit van kerkgebou vir gemeente/privaat funksies.
- Netheid van geboue en terrein.
- Instandhouding van geboue en terrein en moet toesien dat gebreke nagegaan en herstel word nadat goedkeuring ontvang is van Instandhoudingskommissie.
- Dien op Instandhoudingskommissie.
- Opstel van sleutelregister en hantering van duplikaatsleutels.
- Weeklikse uithaal van pos.
- Maandelikse deurgae van elektrisiteitslesings aan stadsraad.
- Maandelikse deurgae van selfoontorings se elektrisiteitslesings aan kassier.
- Toesighouding oor die twee algemene werkers.

Kandidaat

Moet 'n lidmaat van GK Centurion wees, of bereid wees om by die gemeente aan te sluit.

Vergoeding

Die Koster ontvang 'n salaris (R5 000pm). 'n Honorarium word betaal vir addisionele dienste soos begrafsne en privaatfunksies. Koster se teenwoordigheid word deurentyd verlang voor en gedurende funksies.

Aansoeke:

Aansoeke/navrae kan gerig word aan kerkkantoor@gkcenturion.co.za.

Sluitingsdatum is 23 Mei 2021

Ons gee om vir Mekaar

"Moenie bang wees nie, ..." Jes 43:1

- Jan Reesink het toetse ondergaan (B3—079 455 4580).
- Engel de Jonge sterk aan in Unitas Hospitaal (B12—807 2466).
- Albie Venter sterk aan in Unitas hospitaal (B7—664 1117).
- Tillie Kloppers sterk aan in Unitas hospitaal na 'n prosedure (C3—664 1335).

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

K e r k k a m p

8-10 Oktober,

Udolpho Rivierplaas, Parys
(www.udolpho.co.za)

Tariewe is soos volg:

- Kampstaanplek: R380pn vir 5 persone
- 5 Bed chalets R800pn
- 4 Bed chalets R640pn

Belangstellendes kontak

PW Groenewald 082 899 0342

Alethea Ministry

Like us on facebook: <https://www.facebook.com/aletheaministry/>

Broadcast every Sunday at 11:00

KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

Vandag: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Sotho-bediening



Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Emeritaatsversorging

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie
Neem asb kennis: miv 1 Januarie 2021 word tjeks as 'n betaalmethode gestaak.

Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetalend word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of epos na skephoop@gkcenturion.co.za as u hulp nodig het, stuur (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949
Rudy Kruger: 082 468 6035
Petra Swanepoel: 0829277324
Theuns Louw: 082 815 4272
Drikus vd Walt: 060 569 2608



Almanak 2021

Is by die kerkkantoor beskikbaar @ R90.
Betaal asb die bedrag in die kerk se rekening en kom ruil u bewys van betaling, by die kerkkantoor, vir 'n boek.

Kerkkantoor sal oop wees vir die afhaal van die Almanak Ma tot Do tussen 09:00 en 14:00.

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409
Verw: **Boek + Jou Naam**

Susters aan die brei!

Die winter is op ons en verseker is die breinaalde kliphard aan die werk. Daar is altyd nood en ons Susters voorsien jaarliks waar daar nood is. Enige gebreide bedsokkies, handmoffies, serpe, musse ens, asook kindertruijies van enige grootte vir enige geslag, is in aanvraag.

Die klaargebreide items kan in die houer agter in die saal geplaas word of vooraf met Magda Erwee (082 467 8376) geskakel word. Ons sal graag aan die begin Junie dit wat ingekom het, wil begin uitdeel waar dit nodig is.

Dankie vir die wat reeds so fluks gebrei het en vir die ander wat nog besig is. Lekker brei!

Katkisasie hervat by die kerk

Na net meer as 'n jaar wat ons katkisasie by die huis ingeperk was, hervat klasse weer by die kerk. Die lesse sal elke week tydens die tweede diens plaasvind, dus begin die les om 09:30. Gesinne is natuurlik baie welkom om die eerste diens saam by te woon en indien ouers die tweede diens bywoon sal die kinders na die les besig gehou word tot die diens eindig.

Die vertrekke wat gebruik gaan word is as volg:

Die GTA Grot: Graad 3 en Graad 7.

Klas 8: Graad 1 en Graad 4.

Klas 7: Graad R en Graad 6.

Klas 1: Graad 2 en Graad 5.

Die rooster vir die tweede kwartaal lyk so:

16 Mei (Les 8 & 9): Graad 4 tot 7

23 Mei (Les 9 & 10): Graad R tot 3

30 Mei (Les 10 & 11): Graad 4 tot 7

6 Junie (Les 11 & 12): Graad R tot 3

13 Junie (Les 12 & 13): Graad 4 tot 7

20 Junie (Hersiening): Graad R tot 3

27 Junie (Hersiening): Graad 4 tot 7

Die klasonderwyser sal reëliger tref met elke groep oor hoe die indeling van die lesse in praktyk gaan werk aangesien elke groep slegs elke tweede week fisies klas sal hê.

Gr 8 -11 weekliks soos gereël deur onderwyser

Kontak gerus vir Pieter van der Dussen (082 416 7188 / uddussenpieter@gmail.com) sou daar enige vrae wees.



VERJAARSDAE

"...U sorg vir my." Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

16 Mei	Flip	Jonker	B04	27781200632
	Ria	Maritz	B08	27798739305
	Gert	Reinecke	A12	27823750092
	Charl	vd Bergh	C07	27726987956
	Pieter	vd Dussen	B17	27824137809
17 Mei	Ricus	Coetzee	B14	27824525554
	Dilien	Keyter	B01	27721967101
	Larochelle	vd Bergh	A11	27826475439
	Pierre	v Rensburg	C08	27748890921
18 Mei	Jaco	Pretorius	B17	27836915894
	Louis	Trichardt	A04	27823886001
	Cobus	v Niekerk	C06	27737498353
19 Mei	Engeli	Prinsloo	C13	27832855464
20 Mei	Hennie	vd Vyver	B08	27844240421
	Madelle	Venter	B17	27728007454
21 Mei	Petra	Terblanché	B02	27799388359
	Jannalize	v Aswegen	B18	27829212718
	Leenster	van Wyk	B15	27766487423
22 Mei	Sanet	Venter	C13	27833021062
	Wicus	Zaayman	C10	27845007918

DOOPLIDMATE

17 Mei	Pieter	Mosca	C08	27824058565
18 Mei	Leandri	vd Walt	A05	27795174273
	Marcel	Wattel	A12	27720439489
20 Mei	Dieter	Bye	C05	27798063325

Erediensbywoning

Die ondergenoemde wyke word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon, op tye soos aangedui.

Om aan die nodige wetgewing te voldoen word lidmate gevra om by die aangeduide wyke en tye, te hou. Oggenddienste is om 08:00 en 09:30. Engelse diens om 11:00 en aanddienste is om 18:00 (daar word nie uitnodigings uitgestuur vir die aanddienste nie, lidmate is welkom om dit te kom bywoon).

Lidmate wat eredienste bywoon, word versoek om asb mekaar se veiligheid te respekteer en die nodige afstand en protokol te handhaaf.

16 Mei	
08:00	09:30
A01 tot A08	A09 tot A16
B01 tot B10	B11 tot B19
C01 tot C08	C09 tot C15

23 Mei	
08:00	09:30
A09 tot A16	A01 tot A08
B11 tot B19	B01 tot B10
C09 tot C15	C01 tot C08

VRYPAGWINKEL 28 MEI 2021

KERRIE & RYS

BESTEL BY LYDIA 066 593 8257

VOOR 26 MEI 2021

KOM HAAL JOU BESTELLING VANAF 15:00

R40

GEREFORMEERDE KERK CENTURION
FONDSINSAMELING VIR DIE SUSTERS PROJEKTE
COVID-PROTOKOL GELD